

**Dr. Marius Rabe**  
**20.02.1960 – 7.05.1993**

**Huldeblyk aan 'n broer**

As jong seun was Marius altyd die tingerige een van ons klomp. Ons pa het hom dan ook “Skinny” genoem. Soos alle seuns wou ons ook almal Springbok word. Ons was rugby- en krieketmal. My pa het egter gesê 'n Springbok moet hard en taai wees. Dit sal jou help brei om op die vloer te slaap. Vir myself was die vloerslapy te hard – Marius het dit soms probeer.

Hy was die een met die meeste “ball sense”. Op die plaas het ons twee vir ons krieketnette gebou van “gravel” en draad. Daar het ons ure van genot spandeer. Hy was die een met die tegniek en finesse. Soos dit maar baie maal met drome gaan, sou hy nie Springbok op sportgebied word nie. As skolier, mediese student, dokter, op 'n stadium aspirant-neurochirurg, mediese superintendent, eggenoot, pa, seun, broer en bowenal mens, was hy egter 'n Springbok duisend.

Met jou ontydige dood, Marius, is daar baie vrae, maar geen verwyte en nog minder selfverwyte. Ons kan ons nie voorstel watter wroeging en pyn jy moes deurgaans die afgelope aantal jare omdat jou liggaam nie meer die stowwe kon produseer wat jou kon toelaat om altyd 'n normale lewensblye lewensuitkyk te handhaaf nie. Jy was tot die dood toe siek a.g.v. endogene depressie. Op die ou end kon niks en niemand help nie. Sels die dapperes, soos jy, kan soms nie verder nie.

Ons sou jou nog so graag by ons wou hê. Ons gaan jou mis, want jy was so 'n goeie gesinsman en dokter. Jy was 'n Springbokmens.

Ons gaan sorg dat die mooi kinders wat jy vir ons gelos het, die geleentheid kry wat jy vir hulle probeer skep het. Die goeie werk wat jy begin het, sal ons nie ongedaan maak nie.

Die leegheid in ons sal hopelik met tyd versag. Ons treur oor dit wat was en dit wat kon wees. Ons sal die mooi herinneringe egter troetel. Ons sal nie net met trane aan jou terugdink nie, maar ook met 'n vonkel in die oog.

Mag ons almal die genade vind van aanvaarding en berusting. My Springbokbroer het gaan rus, en ons gun jou dit.

*Geskryf deur ons oudste broer, Prof Etienne Rabe,  
en deur hom voorgelees tydens Marius se begrafnisdiens op 11 Mei 1993*